# BEHOEFTE-ONTLEDINGS- EN AANSOEKVORM VIR HERNUWING
## (KOMMERSIËLE REEKSE)



SMIT & KIE BROKERS

Alle vrae moet volledig beantwoord word

**MAKELAAR SE KONTROLELYS:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Bekendstellingsbrief | **JA** | **NEE** |
| 2. Voltooide en getekende Volledige Behoefteontleding met bylae (insluitende vorige Versekeringspolisbylae) | **JA** | **NEE** |
| 3. Voltooide Volledige Adviesrekord | **JA** | **NEE** |
| 4. Aanstellingsbrief | **JA** | **NEE** |
| 5. Samel kopieë in van ID, Rybewys, Voertuiglisensie en Registrasiedokumente (indien toepaslik) | **JA** | **NEE** |
| 6. Eishersieningsdokumente | **JA** | **NEE** |
| 7. Hernuwingspolisbylae | **JA** | **NEE** |

Indien nee, stipuleer asseblief waarom: …………………………………………………………………………………………………………..

***MAAK ASSEBLIEF SEKER*** *dat die kliënt teken vir enige merke of aantekeninge op die Hernuwingspolisbylae.*

***LET WEL ASSEBLIEF:*** *Hierdie dokument moet saam met u Polisbylae en Polisbewoording gelees word wat u versekerde bedrae en dekking aandui.*

**KLIËNT SE KONTAKBESONDERHEDE:**

Polisnommer:…………………………………… Volle Naam: ....................... …………………………..........................................

Het enige van u inligting verander? Indien ja, dui asseblief aan: ………………….......................................................

**BEREKENING VAN BRUTO WINS**

Indien u Sakeonderbrekingsversekering koop, moet die volgende in ag geneem word wanneer u versekerde bedrag bereken word:

- Rekeningkundige Bruto Wins verskil van Versekerbare Bruto Wins;
- die huidige en toekomstige groeitendense van die besigheid, asook u Skadeloosstellingstydperk; en
- BTW moet ingesluit word.

Die polisbewoording omskryf op watter grondslag die versekerde bedrag van u Versekerbare Bruto Wins bereken moet word. Dit word onder opgesom:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Verkoopsomset | R |
| | **Plus** | |
| | Eindvoorraad | R |
| | **Subtotaal 1** | **R** |
| 2 | **Minus** | |
| | Beginvoorraad | R |
| | **Onversekerde Koste*:** | |
| | Aankope (minus kortings ontvang) | R |
| | Kortings Toegelaat | R |
| | Slegte Skulde | R |
| | Enige ander (spesifiseer, bv. bankkoste) | R |
| | **Subtotaal 2** | **R** |
| 3 | Werklike Bruto Wins vir vorige jaar (1 - 2 = 3) | R |
| 4 | Bereken Bruto Winskoers (3 ÷ 1 x 100%) | % |
| 5 | Verwagte Jaarlikse Verkoopsomset vir komende tydperk | R |
| 6 | Pas Bruto Winskoers (4) toe op Verkoopsomset (5) | R |
| 7 | Styging @ 10% | R |
| 8 | Voeg BTW by | R |
| 9 | **Totale Versekerde Bedrag (6 + 7)** | **R** |

** Onversekerde koste is daardie koste wat regstreeks in verhouding tot `n vermindering in omset wissel as gevolg van `n onderbreking na skade aan versekerde materiaal.*

## STRUKTUUR & PROJEKSIE VAN BATEWAARDES

Smit and Kie is nie gekwalifiseer om u bates te waardeer nie en enige bespreking in hierdie verband is bloot daarop toegespits om u te help en lei om `n gepaste versekeringswaarde te bepaal, wat op sy beurt wat op sy beurt u volle skadeloossteling sal moontlik maak in geval van `n verlies.

### 1) NIEMOTORBATES

**STRUKTUURKOMPONENTE**

Huidige vervangingskoste van geboue (moet grensmure, heinings, privaat ryvlakke, spoorwegsylyne, ens. insluit), aanleg/masjinerie, voorraad (bv. grondstof, onvoltooide werk, klaargoedere en voorraad, ens.), of enige ander bates insluitende BTW. Neem ook die volgende in ag:

- Voorsiening vir slopingskoste en opruiming van perseel
- Voorsiening vir Openbare Owerhede se Vereistes tydens herbouing
- Voorsienings vir Argiteks- en/of ander Professionele Fooie tydens herbouing

**PROJEKSIETYDPERKE**

Hou in gedagte dat `n verlies op die laaste dag van u versekeringstydperk kan plaasvind. Voeg daarby die tydperk waaroor sloping en herbouing kan plaasvind. Versekerde bedrae moet dus geprojekteer word met behulp van die

Buro vir Ekonomiese Navorsing se boukoste-indekse en ander indekse wat op aanleg/masjinerie van toepassing is, projekwaardes soos wisselkoerse en inflasiesyfers, en met inagneming van styging/inflasie.

**EWEREDIGHEID**

In die geval van onderversekering op die datum van verlies of die datum van herstelling, kan Eweredigheid op enige eis toegepas word volgens die mate van onderversekering. Byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| ▪ Totale waardes op risiko op datum van herbouing | R10 000 000 | |
| ▪ Versekerde bedrag op datum van verlies | R 8 000 000 | (80%) |
| ▪ Koste van herbouing/herstel | R 1 000 000 | |
| ▪ Versekeringsbetaling | R 800 000 | (80%) |

U is uiteindelik verantwoordelik vir die bepaling van die korrekte versekerde bedrae. Die gevolge van onderversekering word bo geskets. Let asseblief daarop dat die oorversekering van bates nie beteken dat die versekeraar die eis sal bereken op grond van die geïnfleerde versekerde bedrag nie. Vervangingswaarde, en in sommige gevalle markwaarde, word gebruik wanneer die bedrag vir die skikking van die eis bereken word.

**2) MOTORVOERTUIE:**

Die meeste versekeringspolisse stel u skadeloos teen markwaarde ten tye van die verlies. Om die korrekte markwaarde te verkry om as `n versekerde bedrag te gebruik, moet kennis geneem word van die volgende faktore:

- Akkurate beskrywing van die voertuig (bv. 2008 Volkswagen Polo 1.9 TDI Sportline)
- Toebehore aangebring (óf deur die fabriek gemonteer of naverkoopsmonterings)
- Kilometerafstand wat die voertuig afgelê het
- Toestand van die voertuig
- Indien die voertuig kwalifiseer vir krediettekortdekking, sal die uitstaande bedrag aan die finansier nodig wees.

Om kliënte te help om `n gepaste versekerde bedrag te bepaal, gebruik die motorbedryf die Mead & McGrouther-waardegids.

Hou asseblief die volgende gevolge van die keuse van `n verkeerde versekerde bedrag in gedagte:

- Indien die versekerde bedrag laer as die markwaarde is, sal die versekeraar slegs aanspreeklik wees om u tot op die versekerde waarde te kompenseer.
- Indien die versekerde bedrag hoër as die markwaarde is, sal die versekeraar slegs aanspreeklik wees om u tot op die markwaarde ten tye van die verlies te kompenseer.

Soos voorheen genoem, sal ons u so ver as moontlik help om die gepaste versekerde bedrag te bepaal, maar die finale besluit berus uiteindelik by u as die versekerde.

**VOERTUIE WAT OOR GRENSE REIS:**

U motorpolis maak voorsiening vir volle dekking binne die gebiedsgrense soos in die polisbewoording omskryf. Ons beveel egter ten sterkste aan dat u ons i8n kennis stel wanneer `n voertuig ook al buite die grense van Suid-Afrika reis sodat ons u Versekeraar dienooreenkomstig kan inlig. Die Versekeraar kan in sekere gevalle spesifieke bepalings oplê, in welke geval ons u in kennis sal stel. Indien die voertuig nog aan `n finansieringsooreenkoms onderworpe is, sal die finansiële instelling daarop aandring dat ons bevestig dat geldige dekking bestaan vir die gebiede waarna en waarin die voertuig gaan reis.

Alle ten volle omvattend versekerde voertuie sluit motorhuur in – verwys na u Polisskedule en bespreek die volledige terme en voorwaardes van hierdie Motorhuurdiens met u Makelaar.

OPSOMMING VAN DEKKING

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Huisinhoud | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Huiseienaars Geboue | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Gekombineer | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Grondinsakking en Grondverskuiwing | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Kantoorinhoud | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Sakeonderbreking | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Rekeninge Ontvangbaar | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Diefstal en Kwaadwillige Saakbeskadiging | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Geld | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Spieëlglas | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Getrouheids-waarborg | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Goedere in Transito | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Toevallige Skade | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Werkgewers-aanspreeklikheid | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Vaste Voordele | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Toevallige Skade | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Openbare Aanspreeklikheid | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Alle Risiko's | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Motor | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Motorfiets | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Plesiervaartuig | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Motorhuur | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Kwytskelding van Bybetaling | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Aanvangswaardepolis | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Aanvulling | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Regsaanspreeklikheid | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Uitgebreide Aanspreeklikheid | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Stamboekdiere | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Persoonlike Ongevalle | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Groep Persoonlike Ongevalle | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Elektroniese Toerusting | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Besproeiingstoerusting op Wiele | | | | |
| Brand | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| Garrun-bystand | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |
| SASRIA | Dekking geneem | | Dekking nie geneem | |

**BESKIKBARE SOORTE DEKKING**

Beskikbare soorte dekking word in twee onderskeie afdelings verdeel – een waar ons bespreek waarna gewoonlik verwys word as "Natuurramprisiko's" en die tweede waar "Nienatuurramp"-risiko's bespreek word. Natuurramprisiko's word gewoonlik deur konvensionele versekeringsmarkte verseker terwyl Nienatuurramp-risiko's óf verseker kan word óf potensieel op bedryfsvlak bestuur kan word, afhangende van die filosofie van die organisasie. Die polisafdelings wat **uitgelig word**, is dekking wat nie tans verseker word nie.

**U aandag word ook op die "Algemene Uitsluitings", "Algemene Voorwaardes" en "Algemene Bepalings" van u polis gevestig – besonderhede daarvan is op u laserskyf met die polisbewoording of by u Rekeningbestuurder verkrygbaar.**

**BLOOTSTELLING AAN NATUURRAMPRISIKO'S:**

| **Polisafdeling** | **Kort Beskrywing van Dekking Verskaf** | **Norm-skadeloosstellingsperk** |
|---|---|---|
| Brand | Skade aan die hele of `n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word en wat aan u, die versekerde, behoort of waarvoor u verantwoordelik is, insluitende verbouings deur u as huurders aan die geboue en struktuur, veroorsaak deur brand, donderslag of weerlig, ontploffings, storm, wind, water, hael of sneeu, lugvaartuie en ander lugtoestelle of artikels wat daaruit val, botsing, bome, lugdrade, satellietskottels of voertuie, en kwaadwillige saakbeskadiging | Vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| Sakeonderbreking | Finansiële verlies na die onderbreking van, of inmenging met die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk op die perseel voorkom en ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is kragtens (i) die Brandafdeling (ii) die Geboue Gekombineer-afdeling (iii) die Kantoorinhoudafdeling (iv) en ander versekering teen wesenlike skade wat die belang van die versekerde dek, maar slegs ten opsigte van gevare wat kragtens die Brandafdeling hiervan verseker word | Versekerbare Bruto Wins met voorsiening vir groei in omset gedurende die versekerings- en herstellingstydperke |
| Getrouheid/ Handelsmisdaad | Verlies van geld en/of eiendom wat aan u behoort of waarvoor u verantwoordelik is en deur `n werknemer gesteel word gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling | R1 000 000 |
| Aanspreeklikheid | Skadevergoeding waarvoor u, die versekerde, wettig aanspreeklik sal raak na die ongeluksterfte van, of liggaamsbesering aan, of siekte van enige persoon, of toevallige verlies van, of skade aan tasbare eiendom wat binne die gebiedsgrense voorkom en gedurende die versekeringstydperk in die loop van, of in verband met, die besigheid | R20 000 000 |
| Direkteurs- & Beamptes-aanspreeklikheid | Skadevergoeding waarvoor u, die versekerde, wettig aanspreeklik raak as gevolg van enige handeling of versuim van `n werknemer wat optree in sy hoedanigheid as Direkteur of Beampte Regsverdedigingskoste word ingesluit | R5 000 000 |
| Kontrakteurs Alle Risiko's en Kontrakteurs- | Verlies van of skade aan (a) die kontrakwerke terwyl in transito, gestoor of op die kontrakperseel en (b) ongeluksterfte, liggaamsbesering, siekte of `n aandoening en/of toevallige | Volle kontrakwaarde met Aanspreeklikheid R10 miljoen |

| | | |
|---|---|---|
| aanspreeklikheid | tasbare verlies van tasbare eiendom wat regstreeks voortspruit uit die uitvoering van die versekerde kontrak | |

**NIENATUURRAMPRISIKO'S:**

| Polisafdeling | Kort Beskrywing van Dekking Verskaf | Norm-skadeloosstellingsperk |
|---|---|---|
| Toevallige Skade | Toevallige fisiese verlies van, of skade aan, die versekerde se eiendom op of rondom die perseel wat nie andersins verseker is nie of waarvoor versekering beskikbaar is | R1 000 000 |
| Elektroniese Toerusting | Fisiese verlies van, of skade aan die versekerde eiendom soos in die bylae beskryf weens enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit is nie terwyl in bedryf of stilstaande enige plek binne u perseel soos gespesifiseer; of in transito, insluitende laai en aflaai, of terwyl tydelik gestoor op enige perseel onderweg, of tydelik van u perseel verwyder na enige ander ligging | Volle vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| Rekeninge Ontvangbaar | Verlies van, of skade as gevolg van `n ongeluk of teenspoed aan u rekeningboeke of ander besigheidsboeke of rekords op die perseel wat tot gevolg het dat u nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's wat aan u verskuldig is ten volle of gedeeltelik na te spoor of vas te stel nie | Geraamde maksimum waarde van debiteureboek op enige enkele tydstip |
| Geboue Gekombineer | Skade deur die gevare wat in die Brandafdeling beskryf word, insluitende:<br>▪ Verlies van huurgeld tot hoogstens 25% van die versekerde bedrag<br>▪ Regsaanspreeklikheid<br>▪ Diefstal gepaard met geforseerde en gewelddadige toegang tot, of uitgang uit die gebou | Volle vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| Besigheid Alle Risiko's | Verlies van, of skade aan die hele of `n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl enige plek ter wêreld deur `n ongeluk of teenspoed wat nie andersins uitgesluit is nie, met dien verstande dat u verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae aangegee ten opsigte van iedere en elke voorval, behalwe `n eis voortspruitend uit brand, weerlig of ontploffing | Volle vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| Diefstal | Verlies van, of skade aan alle inhoud van enige versekerde gebou op u perseel wat in die bylae beskryf word, as gevolg van diefstal gepaard met geforseerde en gewelddadige toegang tot, of uitgang uit sodanige gebou of enige poging daartoe, of as gevolg van diefstal, of enige poging daartoe, na geweld of die bedreiging van geweld<br>Dekking geskied op `n eersteverliesgrondslag – eweredigheid geld nie | Eerste Verlies |
| Glas | Verlies van, of skade aan binnenshuise en buitenshuise glas (spieëls ingesluit), sierverfwerk en behandeling daarop op u perseel soos in die bylae aangegee, wat u eiendom is of waarvoor | Volle vervangingswaarde |

| Polisafdeling | Kort Beskrywing van Dekking Verskaf | Norm-skadeloosstellingsperk |
|---|---|---|
| | u verantwoordelik is | met BTW ingesluit |
| Goedere in Transito | Verlies van, of skade aan die hele of `n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word, wat u besit of waarvoor u verantwoordelik is, in die loop van transito deur die vervoermiddel of ander metodes wat daarmee gepaard gaan en veroorsaak deur enige ongeluk of teenspoed wat nie andersins uitgesluit word nie | Maksimum enige enkele vrag met inagneming van die waardasiegrondslag |
| Brekasie van Masjinerie | Enige onvoorsiene, sigbare verlies van, of skade aan toerusting soos in die bylae beskryf weens `n voorval wat aangegee word en nie andersins uitgesluit is nie terwyl op u perseel, maar uitgesonder enige verlies of skade veroorsaak deur `n voorval wat kragtens die Brand- en Diefstalafdelings gedek word | Volle vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| Brekasie van Masjinerie – Sakeonderbreking | Finansiële verlies na onderbreking van, of inmenging met die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk op die perseel plaasvind en ten opsigte waarvan betaling gedoen is of aanspreeklikheid erken is in verband met die Brekasie van Masjinerie-afdeling | Soos vir Brekasie van Masjinerie bo, maar spesifiek aangegee vir spesifieke masjinerie |
| Geld | Verlies van, of skade aan geld op u perseel of in transito na en van die bank<br>Geld wat snags in `n toegesluite kluis gestoor word, word beperk tot `n waarde wat van die kategorie van die kluis afhang<br>Raadpleeg asseblief Smit and Kie vir meer besonderhede | Eerste Verlies |
| Motor | Verlies van, of skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl daaraan, insluitende aanspreeklikheid wat teenoor derde partye aangegaan word | Kleinhandelswaarde |
| Motorhandelaars – Interne Risiko's | Verlies van, of skade aan voertuie (wat nie deur die Versekerde besit word nie) terwyl op die Versekerde Eiendom soos in die bylae omskryf, insluitende aanspreeklikheid teenoor `n derde party | Kleinhandelswaarde |
| Motorhandelaars – Eksterne Risiko's | Verlies van, of skade aan voertuie (wat nie aan die Versekerde behoort nie) in die loop van `n rit, insluitende aanspreeklikheid teenoor `n derde party | Kleinhandelswaarde |
| Kantoorinhoud | Verlies van, of skade aan die kantoorinhoud (Rekenaartoerusting uitgesluit), tensy in die bylae anders aangegee, soos vir die gevare onder die Brandafdeling, insluitende:<br>▪ Diefstal of enige poging daartoe<br>▪ Verlies van huurgeld tot op 25% van die versekerde bedrag<br>▪ Verlies van, of skade aan dokumente | Volle vervangingswaarde met BTW ingesluit |
| SASRIA | Verlies van, of skade aan die versekerde eiendom regstreeks as gevolg van oproer, stakings of openbare wanorde | Soos vir onderliggende polis – neem Vaste |

| Polisafdeling | Kort Beskrywing van Dekking Verskaf | Norm-skadeloosstellingsperk |
|---|---|---|
| | | Koste in ag |
| Persoonlike Ongevalle & Vaste Voordele | Liggaamsbesering veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare metodes aan enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde soos in die bylae gespesifiseer | Veranderlik |
| Marine | Verlies van, of skade aan goedere terwyl ingevoer, uitgevoer of tydelik gestoor terwyl deel van `n seevaart | Vervangingswaarde afhangende van die waardasiegrondslag |

**Die volgende moet ook in ag geneem word (waar toepaslik):**

- enige eiendom in die buitelug wat nie gespesifiseer is nie of waarvan versekeraars nie verwittig is nie (voorraad, aanleg, uithangborde, ens);
- lekkasie van sprinkelaars – toevallige uitlaat of lekkasie van sprinkelaarstelsels in die besette gebou;
- niestandaardkonstruksies soos skadunet, riet-, yster- of houtstrukture;
- dekking kragtens Gespesialiseerde Aanspreeklikheid soos Terugtrek van Produk, Produkwaarborg, Ontoereikendheid, Professionele Skadeloosstelling & Indiensnemingspraktyke;
- Korporatiewe Reisversekering; en
- Kredietversekering.

**BESKIKBARE SOORTE DEKKING: PERSOONLIKE REEKSE**

| Polisafdeling | Kort Beskrywing van Dekking Verskaf | Norm-skadeloosstellingsperk |
|---|---|---|
| Huiseienaars-afdeling | Verlies van, of skade aan die versekerde se onroerende eiendom wat in die bylae beskryf word as gevolg van brand, storm, roof, lekkasie en/of kragstuwing | Veranderlik |
| Huisbewoners-afdeling | Verlies van, of skade aan die versekerde se roerende eiendom wat in die bylae beskryf word as gevolg van brand, storm, roof, diefstal, toevallige skade, lekkasie en/of kragstuwing | Veranderlik |
| Persoonlike Alle Risiko's | Verlies van, of skade aan die versekerde se persoonlike ongespesifiseerde en/of gespesifiseerde eiendom insluitende, maar nie beperk nie tot, klerasie, juweliersware, brille, sporttoerusting, radio's, selfone, iPads, iPods, mp3's, skootrekenaars, sagteware, videokameras, fotografietoerusting en inhoud van woonwa | Veranderlik |
| Beginwaarde-polis | IVP skik die versekerde bedrag (gestel as die kleinhandelswaarde op die datum waarop die IVP-polis uitgeneem word) van u voertuig/voertuie minus die kleinhandelswaarde op die datum van verlies | Beginwaarde |

| Polisafdeling | Kort Beskrywing van Dekking Verskaf | Norm-skadeloosstellingsperk |
|---|---|---|
| Garrun-bystand | Hierdie Afdeling dek die sleep van omvattend versekerde voertuie wat in `n ongeluk betrokke was. Indien hierdie produk geneem word, vestig die Versekeraar net R1 500 van die sleep en u moet die res betaal. Verwys asseblief na die brosjure vir die voertuigonklaarraking. Huisbystandsvoordele word by hierdie produk ingesluit. | Veranderlik |
| Plesiervaartuie | Verlies van, of skade aan enige plesiervaartuig soos bote en/of ski's en hul toebehore en onderdele soos in die bylae beskryf | Kleinhandelswaarde |
| Motor | Verlies van, of skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl daaraan, insluitende aanspreeklikheid wat teenoor derde partye aangegaan word | Kleinhandelswaarde |
| SASRIA | Verlies van, of skade aan die versekerde eiendom regstreeks as gevolg van oproer, stakings of openbare wanorde | Soos vir onderliggende polis – neem Vaste Koste in ag |
| Persoonlike Ongevalle | Liggaamsbesering veroorsaak deur toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare metodes aan enige werknemer van die versekerde soos in die bylae gespesifiseer | Veranderlik |

**ANDER PRODUKTE & DIENSTE**

Buiten konvensionele versekeringsmakelary, bied Smit and Kie ook ander dienste aan wat voordelig mag wees:

| Polis/Diens | Kort Beskrywing | Meer Inligting/ Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| Smit and Kie Employee Benefits (Pty) Ltd | ▪ Evaluasie van bestaande voordele vir die fonds en die maak van aanbevelings<br>▪ Ontwikkeling van beleggingstrategieë vir lede van die aftreefonds<br>▪ Hersiening van risikovoordele (d.i. dood en ongeskiktheid) in die lig van veranderende marktoestande<br>▪ Bystand aan maatskappye met voldoening aan regerings- en wetgewende vereistes soos op aftreefondse van toepassing<br>▪ Kommunikasie met fondslede deur mondelingse voorleggings en die samestelling van dokumente soos verduidelikende brosjures<br>▪ Leiding aan maatskappye en aftreefondskomitees deur die proses van aanstelling en/of vervanging van diensverskaffers van die fonds | |

**ONVERSEKERBARE RISIKO'S**

Sekere risiko's kan in die algemeen nie verseker word nie, óf omdat daar geen geskikte mark is nie, óf omdat die risiko nie geëvalueer en gegradeer kan word nie, óf omdat dit `n regeringsverantwoordelikheid is, óf omdat daar nie `n voldoende vraag was na die skepping van `n mark om die risiko teen `n redelike koste te verseker nie. Alhoewel konvensionele versekering onbeskikbaar is, behoort verstandige risikobestuur op beide strategiese en bedryfsvlak oorweeg te word om vir hierdie risiko's voorsiening te maak. Die belangrikste hiervan is:

| No. | Item | Verduideliking en Voorbeeld |
|---|---|---|
| 1. | Deviesebeheer/Skommelngs in Geldeenheid | Oplegging/Opheffing van beperkings deur die Regering/Owerhede op die beweging van valuta of geldeenheid,<br>Vooruitdekking kan by Banke gekoop word, en<br>Dienste vir die Bestuur van Geldeenheidrisiko is beskikbaar. |
| 2. | Verlies van Mark (tensy voortspruitend uit Versekerbare Risiko) | Byvoorbeeld, verlies van omset na herroetering van `n pad om plek van besigheid te vermy (nieskade-situasie) |
| 3. | Normale slytasie, geleidelike korrosie of deteriorasie<br>Inherente fout | Verslyting van `n snykant<br>Ontbrekende hoeveelhede op `n bottellyn<br>Verliese weens die inherente aard van die artikel, bv. die higroskopiese aard van sout |
| 4. | Kernrisiko's (mag nie uitgesluit word vir Persoonlike Ongevalle-voordele nie) | Meestal regeringsverantwoordelikheid<br>Spesiale Poele gevorm om sekere risiko's te akkommodeer, bv. SA Kernpoel.<br>**LW:** Kernrisiko's sluit in ioniserende bestraling of kontaminasie deur radioaktiwiteit van enige kernbrandstof of van enige kernafval, van die ontbranding van enige kernbrandstof of kernwapen-materiaal, kernsplyting en/of kernfusie. |
| 5. | Politieke Besluite | Sensuur wat `n afname in verkope van koerante en tydskrifte tot gevolg het.<br>Regerings-/Handelsembargo's.<br>Opeising of konfiskasie/kommandering. |
| 6. | Openbare Mening | Afname in verkope na ongunstige reklame |
| 7. | Risiko's teen die Openbare Belang | Versekering ten opsigte van onregmatige aktiwiteite, bv. belastingontduiking, of strafregtelike boetes soos verkeersboetes |
| 8. | Voorraadtekorte of onverklaarbare verliese | Krimping, bv. by kettingwinkel/in kleinhandel<br>Verliese wat ten tye van voorraadopname ontdek word |
| 9. | Handelsrisikoverliese | Mededingende prysbesnoeiing |

| No. | Item | Verduideliking en Voorbeeld |
|---|---|---|
| | | Verandering in mode |
| 10. | Onverklaarbare Bates | U kan nie "verborge" voorraad of wins wat nie verklaar of aangeteken is in rekeningboeke/finansiële state verseker nie |
| 11. | Oorlogsrisiko's of die bedreiging daarvan, insluitende rebellie, burgeroorlog, daad van buitelandse vyand/inval ten opsigte van bates op land (nie uitgesluit vir invoere/uitvoere per see of lug nie en dit is moontlik om dekking vir voordele vir persoonlike ongevalle te reël) | 1. Verklaring van status deur de facto-regering<br>2. Volkome ineenstorting van regering, maar versekerbaar vir bates buite Suid-Afrika |
| 12. | Terreur wat kern- en/of biologiese wapens insluit | Ontploffing van kerntoestel deur terroriste |
| 13. | Asbes<br>Enige besering voortspruitend uit die gevaarlike aard van asbes, d.i. vesels of stof | Asbestose |

**VERKLARING**

1. Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat my Finansiële Adviseur die Hernuwing van my Versekeringsportefeulje met my bespreek het; ek verstaan die inhoud daarvan en is tevrede met die dekking wat gereël word.

2. Ek erken dat die volgende bespreek is en, waar nodig, `n kopie aan my oorhandig is:

- ☐ Hernuwingsbepalings en -voorwaardes
- ☐ Skadeloosstellingsperke/Versekerde waardes
- ☐ Eweredigheid/Onderversekering
- ☐ Eerste bedrag betaalbaar/Bybetalings
- ☐ Statutêre kennisgewing

3. Ek waarborg dat die antwoorde wat gegee is waar en juis is en dat ek van geen wesenlike feite bewus is (selfs al is daar nie spesifieke vrae daaroor gevra nie) wat aan versekeraars bekendgemaak moet word nie.

4. Ek is nooit versekering geweier vir die risiko wat ek nou wil verseker nie, nóg is enige polis waarin ek `n belang het of gehad het, gekanselleer of beperk. Die persoon wat hierdie hernuwing namens my voltooi, doen so as my agent. Indien ek versekeringsdekking geweier is, het ek besonderhede daarvan tydens die beginfases gestipuleer

5. Indien daar enige ander wesenlike feite is wat die versekeraars se besluit om die risiko te aanvaar, kon beïnvloed, of enige faktore wat die risiko meer gevaarlik as gewoonweg kon maak, word dit hier gestipuleer:
……………………………………………………………………………………………………………………………………………………………

6. EK STEM IN DAT ek al die veranderings aan my bestaande polis gelees en verstaan het, en waar daar enige veranderings was, dit op my versoek was. Ek stem saam dat die Makelaar saam met my korrek deur alle veranderings aan my polis gegaan het en my bewus gemaak het van die implikasies van enige genoemde veranderings.

7. EK VERSTAAN DAT hierdie versekering nie sal begin totdat die versekeraars hierdie aansoek aanvaar het nie.

8. EK IS BEWUS VAN die Kliëntdiensfooi wat Smit and Kie hef ingevolge artikel 8(5) van die Korttermynversekeringswet en stem in dat die betrokke fooi aan my verduidelik is en dat die presiese numeriese bedrag asook die presiese Kliëntdiens waaruit sodanige fooi saamgestel is, in my Versekeringspolis openbaar gemaak sal word. Indien ek op enige stadium nie meer vir die Kliëntdiensfooi gedebiteer wil word nie, is ek bewus van my reg om hierdie fooi te kanselleer; ek besef egter ook dat kansellasie van die Kliëntdiensfooi sal beteken dat die Dienste wat ingevolge genoemde fooi gelewer word, gekanselleer sal word.

9. EK VERSTAAN DAT sekere persoonlike inligting nodig mag wees om behoorlike finansiële advies te lewer en dat my toestemming nodig is om sodanige inligting in te samel of andersins te verwerk. Sou daar enige persoonlike inligting wees wat ek nie op my gemaak voel my Makelaar/Smit and Kie insamel en/of andersins verwerk nie, sal ek hom/haar skriftelik in kennis stel. Ek stem toe dat sodanige persoonlike inligting deur enige nodige derde party, soos die Versekeraar, gebruik word. Ek is bewus dat sodanige persoonlike inligting hanteer sal word ooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

10. Indien u nie in staat is om hierdie verklaring sonder kwalifisering te teken nie, verstrek asseblief u redes onder:
……………………………………………………………………………………………………………………………………………………………

Geteken te: …………………………………………… op hierdie …. dag van ………………… 20 ……

Handtekening: ……………………………………………………